# SÊ JOU SÊ!
# HALFJAARAANSUIWERINGS AAN DIE 2022-2027- (2024/2025-) GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP)

Die Stad Kaapstad nooi kommentaar uit oor veranderinge/wysigings aan die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) wat voortspruit uit die 2024/2025-halfjaaraansuiweringsbegroting na aanleiding van 'n Raadsbesluit op 30 Januarie 2025. Hierdie veranderinge/wysigings hou hoofsaaklik verband met die korporatiewe telkaart, en munisipale entiteite (Kaapstadse internasionale konferensiensentrum en die Kaapstad-stadion) se telkaarte, asook die finansiële plan wat deel van die 2022-2027-GOP uitmaak.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om van 6 tot 26 Februarie 2025 kommentaar by die munisipaliteit in te dien.

**Kommentaar kan soos volg ingedien word:**

- E-pos: NTO5YR@capetown.gov.za
- Skriftelike voorleggings: Afgelewer by jou naaste subraadskantoor
- Webwerf: www.capetown.gov.za/collaborate

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense met gestremdhede wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak die eenheid vir openbaredeelname by 0800 212 176 vir hulp om jou kommentaar in te dien.

Die veranderinge/wysigings aan die GOP wat uit die 2024/2025-halfjaaraansuiweringsbegroting voortspruit kan by subraadskantore, munisipale biblioteke en by www.capetown.gov.za/haveyoursay besigtig word.

**Kontak die eenheid vir strategiese beplanning by NTO5YR@capetown.gov.za vir meer inligting.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA14/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.